Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 18

Oktober 2012

Inhoud

Artikels

Ons gesels met 12-jarige kinderboek-illustreerder, Elanie Bieldt 3
Hoe maak ek my kind weerbaar teen depressie? 4
Pienkvoet Pret: Buite speel 5
Kuns: Ons maak “Babbelbekkies” 6
Mamma Esmé Brink gesels oor haar kind se stryd met outisme ... 7
Oulike produkte: Bybel Buddies Aktiwiteitsboek 8
Oulike foto’s 9

Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie en die maan 1
Inkleurprentjie 2
Speletjie: Verbind die kolle! 10

Bak en brou

Resep: Piesang plesier 6

Kompetisie

Foto-kompetisie wenners..... 10
Wen Esmé Brink se boek “A Village op Hope” 10
Storieklub-vorm 11

Model: Anke Hinze | Desiré Hinze Photography

Blom teen die koue…

Die boom in ons agterplaas is vol bloeisels. Soos ‘n dapper soldaat staan hy daar in die wind en die reën. Alles rondom hom wil hom oortuig dat dit nog yskoue winter is. Maar hy weet dis lente en hy blom. Hy is die eerste ding wat ek soggens deur my kombuisvenster sien as ek (nog moegerig van min slaap en laat werk) opstaan om ons Mila se bottel tee te maak. En elke oggend “challenge” hy my ook om verbete vas te klou aan die dinge wat ek weet en glo – maak nie saak hoe die wêreld rondom my lyk nie. En ek weet as ek blom, sal my kinders ook leer om te blom.

In hierdie uitgawe van Lekkerbekkie ontmoet ons 12-jarige Elanie Bieldt – die illustreerder van ons nuwe storieboek-reeks. Mamma Esmé Brink gesels in ‘n inspirerende onderhoud oor haar seuntjie se stryd met outisme. Ons maak handpoppe uit papier, en deel piesang-resepte! Vind ook uit hoe jy jou kind weerbaar teen depressie kan maak.

Sluit sommer vandag nog aan by ons gewilde Storieklub deur die vorm op die laaste bladsy te voltooi. Storieklub-lede ontvang ‘n storie-pakkie met ‘n lekkerluister CD of boekie elke maand in die pos. Lekker lees!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

STORIEKLUB!

Kry ´n nuwe storie-CD en A4 boek elke maand in die pos!

(Inskrywingsvorm op laaste blad van hierdie tydskrif)

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie en die maan

Een aand kyk Lekkerbekkie Muis op in die lug en sien die maan.

“Wat is dit daardie?” vra hy vir Mossie die mossie.

“Dit is die maan, Lekkerbekkie Muis,” sê Mossie die mossie. “Is dit nie mooi nie?”

Lekkerbekkie Muis dink die maan is baie mooi. Dit lyk vir hom net soos ‘n blink bal daar in die lug. Hy wens hy kan gaan kyk hoe dit daar op die maan lyk. Maar die maan is ver – heeltemal te ver vir klein muisies soos hy.

“Was jy al op die maan?” vra Lekkerbekkie Muis vir Pieter Padda.

“Nog nooit nie,” sê Pieter Padda. “Die maan is glad en glibberig soos die plat klippe by die dammetjie. Netnou val ek af!”

Lekkerbekkie Muis klim op die gladde klip by die dammetjie en verbeel hom hy stap op die maan.

“Was jy al by die maan?” vra Lekkerbekkie Muis vir Ella Eend.

“Nog nooit as te nimmer nie!” roep sy en waggel al met die paadjie af. “Die maan lyk vir my al te veel soos die eiers wat ek gelê het. Netnou broei dit uit terwyl ek daar is, en wie weet wat is binne in!”

Lekkerbekkie Muis loer na Ella Eend se wit eiers in die nes. Hy vryf met sy handjie daaraan en voel hoe glad hulle is. Hy verbeel hom die maan voel ook presies net so as jy aan hom vat.

“Was jy al by die maan?” vra Lekkerbekkie Muis vir Skilpad.

“Moenie laf wees nie,” sug Skilpad. “Die maan is koud en donker, en baie koud en baie donker! En ek is heeltemal te lief daarvoor om in die son te bak. Wat sal ek tog op die maan gaan maak?”

Lekkerbekkie Muis maak sy ogies styf toe en verbeel hom hy is op die maan waar dit donker en koud is. Maar die sonnetjie skyn warm op sy skouertjies en hy raak bietjie vaak.

“Wat jy al op die maan?” vra die klein voëltjies vir Lekkerbekkie Muis. “Is dit waar dat die maan van wit sjokolade gemaak is?”

Lekkerbekkie Muis dink en dink. Dan sê hy: “Ek was nog nie op die maan nie, en ek weet nie of dit van wit sjokolade gemaak is nie. Maar ek het ‘n plan. Ek het ‘n groot stuk wit sjokolade in my huisie. Ons kan op die stoepie sit en na die maan kyk terwyl ons dit eet, en dan verbeel ons vir ons ons vat happies uit die maan!”

Almal dink dis die beste idee ooit. En niemand wonder meer oor die maan nie.

Die Einde

Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1). ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2012

© Anna Emm Productions 2012

Ons gesels met kinderboek-illustreerder, Elanie Bieldt (12)

Elanie Bieldt is net twaalf jaar oud, maar sy het al die afgelope twee jaar professionele illustrasies gedoen vir verskeie kinderboeke. Ons het gaan gesels met hierdie talentvolle tiener!

Hoe oud was jy toe jy uitgevind het jy het 'n talent vir teken?
Ek het al vandat ek 'n potlood of kwas kon vashou geteken, maar ek het eers toe ek tussen 4 en 5 jaar oud was uitgevind dat ek 'n regte talent het daarvoor en dat ek baie van my tyd aan teken sal spandeer.

Wie was of is jou grootste invloed as dit kom by kuns?
Ek onthou dat ek altyd by my ma gesit het terwyl sy werk, en dan prentjies van mannetjies en huisies geteken het. My ouma het ook altyd vir my die Huppelkind storieboeke gelees en dan het ek gewens ek kon ook sulke prentjies teken. Dit, en om sulke mooi perde soos my pa te kan teken was my "goal". So ek sal sê dat my ouers en my ouma die grootste invloed op my liefde vir kuns was en is.

Jy kan verf en skets. Watter medium gebruik jy die graagste in jou tekeninge? En wat is jou gunsteling onderwerp om te teken?
Wanneer ek in my klas sit of by die huis sit, gebeur dit baie dat ek 'n potlood en wit bladsy vat en begin teken. Die sketse word meestal mense. Eintlik altyd. Toe ek klein was het ek baie perde geteken - hulle is my gunsteling diere. Maar nou is dit vir my lekkerder om sketse van mense te maak.

Soms droom kunstenaars van 'n plek of 'n persoon wat hulle graag wil skets. Is daar iemand spesifiek wat jy wil ontmoet of 'n plek wat jy graag wil sien?
Ek sal baie graag vir Logan Lerman en Gerard Butler wil ontmoet en hulle wil teken! Die plekke wat ek die meeste van hou is woude en woestyne. Albei is "scary" en misterieus. Ek droom daarvan om 'n land soos Holland te kan sien.

Jy het 12 boeke geïllustreer vir die Afrikaanse Kinderstories reeks van Anna Emm Productions. Van watter storie(s) het jy die meeste gehou? En wat was vir jou die lekkerste deel van hierdie projek?
Ek hou van die storie van Ou Beervel en Gouelokkies. Die lekkerste deel van die projek vir my is om die mense te teken. Ek hou ook daarvan om vir die diere gesiguitdrukkings te gee.

Vir watter ander publikasies het jy al sketse en illustrasies gedoen?
Ek het al illustrasies vir die Bazoo Kleutertydskrif gedoen, 'n opvoedkundige storieboekie vir NETAFIM, en 'n logo vir Velddrif se Visfees.

Sommige mense wil graag eendag hulle passie as 'n werk beoefen, en ander hou daarvan om dit net as 'n stokperdjie te doen. Wat sal jy sê is jou droom "werk"?
Ek hou van wat ek nou doen. Dit is vir my BAIE lekker en soms ontspannend om storieboeke te illustreer. Teken is een van my stokperdjies en dis my droom werk. Ek sal ook graag mense se troeteldiere vir hulle wil oppas. Ek hou van diere!

Hoe kan jy gekontak word indien mense wil hê jy moet illustrasies vir hulle produkte doen?
My webwerf:
www.drawingz.co.za
My epos adres:
elanie@drawingz.co.za



© Anna Emm Productions 2012

Hoe maak ek my kind weerbaar teen depressie?

Die lewe word nie makliker en eenvoudiger nie, en ons kinders word ook daagliks aan meer negatiewe dinge blootgestel as voorheen.

Moeilike omstandighede op sigself veroorsaak nie depressie nie, maar eerder ons eie gedagtepatrone rondom hierdie dinge. Wanneer ons dink dat negatiewe dinge wat met ons gebeur PERMANENT is, dat dit PERSOONLIK is, en dat dit ALLES in ons lewens sleg maak, veroorsaak dit 'n gevoel van hopeloosheid wat tot depressie lei. Dit beteken dat ons ons kinders kan "immuniseer" teen depressie deur vir hulle te leer om optimisties en realisties oor moeilike dinge te dink. Leer jou kind die gewoonte aan om nie moed op te gee nie, en oor en oor te probeer totdat hy probleme oorkom. Ons wil so dikwels ons kinders se probleme namens hulle oplos, en in werklikheid het hulle nodig om self (met ons aanmoediging en leiding) met die probleme te worstel en uiteindelik self sukses te behaal – sodat hulle kan leer en ervaar dat hulle nie magteloos teen probleme is nie. Moenie inmeng wanneer jou kind sukkel nie, behalwe om veiligheidsredes en om raad en aanmoediging te gee. Onthou dat jou kind gaan leer hoe om sy gedagtes rondom probleme te vorm deur jou dop te hou. Let op daarna dat jy as voorbeeld deur jou eie optrede vir jou kind die boodskap uitdra dat moeilike omstandighede TYDELIK is (verbygaan), NIE PERSOONLIK is nie (nie jou skuld is of jou waarde as mens bepaal nie) en dat dit NET EEN DEEL van jou lewe is (dat dit nie al die ander areas van jou lewe hoef te benadeel nie). Deur vir kinders hierdie gedagtes rondom probleme aan te leer, besef hulle dat hulle beheer het oor negatiewe dinge – al is dit net beheer oor hoe hulle daarop wil reageer. Hulle leer ook dat moeilike dinge nie vir altyd aanhou nie en hulle leer hoe om dit te beperk tot net 'n gedeelte van hulle lewens. Deur jou reaksie op dinge te verander, gaan jy jou kind se reaksie daarop ook verander. In plaas daarvan om moedeloos te raak oor wat reeds gebeur het, kan jy hom leer om te fokus op wat hy volgende keer anders kan doen. Deur jou kind optimisme en 'n realistiese uitkyk op probleme te leer, verseker jy feitlik 100% dat depressie nie 'n houvas op hom gaan kry nie! Wend ook hierdie beginsels aan wanneer jy reeds simptome van depressie by jou kind gewaar, en help hom so om uit die spiraal van negatiewe gedagtes te kom. Ons kinders is nog jonk genoeg om nuwe gewoontes aan te leer!

Die storie "Stompie is ongelukkig" help kinders met depressie.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs

www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Wat 'n voorreg om in sonnige Suid-Afrika te kan woon! Kom ons skakel bietjie die televisie en rekenaar af en neem ons kinders buitentoe waar hul na hartelus in die sonskyn kan speel!

Trek maar gerus jou kind se skoene uit! Laat hy die gras, grond, klippies en plaveisel onder sy voetjies voel.

SANDPUT TOE!

Indien daar nie genoeg spasie in jou tuin is vir 'n sandput nie, maak sommer 'n groot plastiese skulp of skottel vol gewaste, behandelde speelsand. Jou baba sal ure se plesier daar hê! Gee genoeg bakkies en lepels om mee te skep en te roer.

JELLIE IN BAKKE

Maak 'n paar pakkies jellie in verskillende kleure aan. Gooi dit in 'n groot skottel .Trek sommer jou baba uit en laat hy in die jellie sit. Baba kan nou vat, voel en sommer eet ook! Laat hy ook die verskillende kleure aan jou uitwys. Jellie in bakke is ook 'n treffer vir kinderpartytjies!

SKEERROOM

'n GROOT wenner! Spuit vir baba in 'n bak, skinkbord of op groot velle borrelpapier. Laat hul dit smeer, vryf en voel. Strooi nou bietjie poeierverf oor sodat hulle hul eie reënboogkleure kan maak. Groot pret!

SKOTTELS VOL PRET!

Varieer elke week groot skottels of skulpe met die volgende teksture: Voëltjiesaad, mieliemeel, droë rys en boontjies, afvallappies, sponsies, polistireen-chips, ontbytpappe, gaar gekleurde spaghetti ens! Sit die skottels op die gras en dit wat gemors word sal die voëltjies kom oppik!

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by PIENKVOET-PRET waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met mamma by. Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak.

Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal. Ons speel ook graag buite en eksperimenteer elke week met 'n ander tekstuur!

Besoek gerus ons webwerf by www.pienkvoetpret.co.za vir meer inligting en om jou plekkie te bespreek vir 2013! Ons is ook op Facebook!

© Anna Emm Productions 2012

Hierdie Babbelbekkies kan jy sommer vinnig maak! Skryf ‘n storie, en maak ‘n Babbelbekkie vir elke karakter!

Wat jy nodig het:

1. A4-karton in verskillende kleure
2. Gekleurde papier
3. Skêr
4. Gom
5. Koki’s

Wat jy moet doen:

1. Laat die A4-karton in sy lengte voor jou lê. Verdeel die karton in 3 gelyke dele. Jy kan ook ‘n liniaal neem en 9,5 cm van elke kant afmeet, en daar waar jy die merkie maak, ‘n streep aftrek.

Dit moet so lyk:



2. Vou nou die twee kante op die lyn sodat dit oor die middel lê.
3. Plak slegs die boonste flap vas.
4. Draai nou weer die karton in die lengte.
5. Vou dit in die helfte.
6. Vou die los kant terug, weer in die helfte.
7. Draai die karton om en herhaal stap 6.
8. Aan die bokant en die onderkant sal jy nou sien dat daar ‘n gaping tussen die karton is vir jou vingers om in te pas!
9. Jou Babbelbekkie is nou gereed om versier te word! Gee vir hom ogies, ‘n tongetjie, ‘n neus, selfs hare.

(Jy kan krulhare maak deur repies papier met ‘n skêr te krul!) As jy ‘n voëltjie wil maak, plak ‘n “bekkie” op sy bolip!

Resep

Hierdie maand het ons sommer ‘n paar lekkernye wat jy met piesangs kan maak!

Gerolde piesang-happies

Bestanddele:

1. Piesang
2. Grondboontjiebotter
3. Rice Crispies

Skil die piesang, en sny in bonkige wieletjies. Bedek die buitekant met grondboontjiebotter en rol in Rice Crispies!

Piesang-sushi

Bestanddele:

1. Piesang
2. Karamel Kondensmelk
3. Tortillas of Pannekoek
4. Kakao
5. Rosyntjies

1. Neem die tortilla of pannekoek en smeer heeltemal met karamel kondensmelk.
2. Skil die piesang en rol dit toe in die tortilla/pannekoek.
3. Sprinkel kakao bo-oor
4. Sny dit in sushi-grootte wieletjies.
5. Sit ‘n rosyntjie bo-op vir versiering.

Piesang-ruspe

Bestanddele:

1. Piesang
2. Nutella
3. Pretzel-stokkies
4. Rosyntjies

1. Skil ‘n piesang en sny in stukkies van ongeveer 2 cm.
2. Smeer Nutella tussen die stukkies en plak dit weer aanmekaar vas.
3. Gebruik die pretzel-stokkies en druk dit deur die piesangstukkies vir bene.
4. Plak die rosyntjies met ‘n bietjie Nutella aan die kop vas vir ogies.

© Anna Emm Productions 2012

Ons gesels met mamma Esmé Brink oor haar seuntjie se stryd met outisme

***Esmé Brink** is 'n handelsmerk-konsultant van beroep en bedryf haar eie e-bemarkings-maatskappy, EB Consulting. Sy is ook die ma van 8-jarige **Jandré** wat 'n verjaardag deel op 27 September. Hulle reis met outisme het ongeveer 7 jaar terug begin…*

Esmé vertel:
Jandré is gebore op my 30ste verjaardag en was 'n doodnormale seuntjie wat al sy mylpale bereik het. Op 18 maande het hy begin vaardighede verloor tot ons op 29 maande uiteindelik uitgevind het hy is op die outisme-spektrum.

Hoe moes jy jou lewe aanpas?
Dit was 'n geweldige omwenteling in ons lewe omdat niks, soos wat ons dit beplan het, meer sou realiseer nie. Aanvanklik moes ons genoeg geld bymekaar kry om te begin met sy baie intensiewe intervensie en het ons huis verkoop. Ons moes ook ons roetines aanpas omdat hy vier verskillende soorte terapie in 'n week ontvang het. Jandré is op 'n spesiale dieet gesit en hy moes verskeie aanvullings begin gebruik. Normale goed soos kinderpartyjies en "play dates" het nie meer vir ons bestaan nie.

Wie is jou grootste steunpilare?
My man is 'n ongelooflike steunpilaar en 'n baie goeie pa vir Jandré. Ek het ook 'n toegewyde groep vriendinne wat my ondersteun, maar dit is net God wat elke dag vir die wonderwerke sorg. SNAP en die onderwysers en terapeute wat deur die jare met Jandré gewerk het, het ook baie vir ons beteken.

Wat is jou grootste uitdagings elke dag?
Aan die begin was dit mense se persepsies en opmerkings wat die lewe moeilik gemaak het. Vriendinne se kinders het mylpale bereik waar Jandré nog agter was. Soms was daar 'n totale tekort aan begrip wanneer mense ons genooi het en nie kon verstaan dat Jandré nie kon inpas by 'n raserige partytjie nie. Hy moes 24 uur 'n dag opgepas word omdat hy nie tekens vir gevaar kon herken nie. Ek het vir 'n baie lang tyd nie 'n band met my kind gehad nie, en dit was baie moeilik aangesien kommunikasie net van ons af gekom het, maar nie noodwendig beantwoord is nie. Vandag is die lewe vir my normaal. Ek ken niks anders nie. Jandré is hierdie maand 8 jaar oud en die afgelope 2 maande het hy werklik begin presteer. Die wonderwerk waarvoor ons so lank gebid het, het begin gebeur. Alhoewel hy nog sukkel met sosiale interaksie met maats, is hy 'n gelukkige seuntjie wat goed vaar op skool. Hy is in Graad 1 by **SNAP Academy** en hy leer 'n hoofstroom kurrikulum. Hy het hierdie jaar begin interaktief kommunikeer met ons en begin vordering toon op gebiede wat amper half onmoontlik was. Ons het werklik die seuntjie agter die outisme "label" begin ken en agtergekom hy is 'n sensitiewe introvert met 'n ongelooflike sin vir humor. Ons het baie hoop vir sy toekoms en weet hy gaan nog diep spore trap.

Is daar iets spesiaals wat jy en Jandré saam doen?
Ons geniet dit baie om saam met Jandré op uitstappies te gaan en te sien hoe hy dit geniet. Jandré is 'n slim seuntjie en sy uitlatings en kwinkslae is vir my kostelik!

Vertel ons meer van SNAP en jou betrokkenheid.
Twee jaar gelede het ek besluit om SNAP *(Special Needs Adapted Programme)* te begin assisteer met skakelwerk en fondsinsamelings. Hulle is 'n nie-winsgewende organisasie wat geen subsidie van die staat af ontvang nie. As gevolg van die intensiewe onderwys is dit baie duur, en daar moet fondse ingesamel word om elke jaar nog klaskamers by te voeg en kinders te help wat nie intervensie kan bekostig nie. Ek wou ook seker maak ek kan die voetstuk gebruik om bewustheid oor outisme te verhoog. 1 uit elke 88 kinders is tans op die outisme spektrum. SNAP is soos my aangelapte familie. Toe daar niemand was nie, het hulle verstaan.

Wat is die dinge wat mense die meeste misverstaan van outisme?
Mense dink kinders met outisme is verstandelik gestremd. Dit is glad nie die geval nie. Meeste van die kinders is baie intelligent, maar omdat hulle

sukkel om te kommunikeer, is dit moeilik meetbaar as jy hulle nie verstaan nie. Mense besef ook nie dat daar 'n wye verskeidenheid grade van outisme is nie en almal het verskillende maniere hoe dit presenteer. Hulle het ook soms moeilike gedrag en dit word verkeerdelik geïnterpreteer. As jy vroeg in 'n kind se lewe ingryp en begin met die regte terapie en dieet is die kanse goed dat jou kind 'n normale lewe kan lei en onafhanklik kan lewe.

Is daar al 'n groter bewustheid van outisme in Suid Afrika?
Die bewustheid vorder stelselmatig, maar 'n tekort aan fondse belemmer die inisiatiewe. Kinders in die outisme spektrum is nie "disabled" nie, hulle is net "differently abled" met ongelooflike potensiaal. Hoofstroom skole en onderwysers moet opleiding ontvang sodat hulle met die kinders kan werk want daar is bittermin skole wat kan help.

Jy het 'n boek geskryf, "*A Village of Hope*". Vertel ons bietjie meer?
Ek het vier jaar gelede begin om fondse in te samel vir Jandré se uitgawes wat R120 000 per jaar beloop het. Die fondsinsamelings het plaasgevind in die vorm van damestees, danse en wynveilings. Al hierdie mense wat ons lewe betree het, het ons gesien as ons "Village of Hope". Ek het 'n blog begin om my gevoelens te verwoord en die blog het aanleiding gegee tot die boek. Die boek het al baie mense se lewens aangeraak omdat dit so 'n universele boodskap van hoop is.

Wat sal jy graag vir ouers wil sê om hulle hoop te gee vir hulle kind met outisme?
Moenie in ontkenning lewe nie. Dit is nie 'n skande of 'n doodsvonnis nie. Dit is 'n geleentheid om te weet jou kind is spesiaal en het meer aandag nodig as ander kinders. Maar as jy dit reg benader gaan jou kind 'n ongelooflike bydrae lewer en baie mense se lewens aanraak.

SNAP
www.snap.org.za
021 975 7224

© Anna Emm Productions 2012

Bybel Buddies aktiwiteitsboek vir klein maatjies

Anna Emm se “Bybel Buddies” storie-reeks is al die afgelope vier jaar ‘n topverkoper.

Die reeks bestaan uit 36 Bybelstories op CD voorgelees deur bekende akteur, Deon Lotz. So twee maande gelede het die nuwe A4 “Bybel Buddies” Aktiwiteitsboek verskyn, met 36 inkleuraktiwiteite vir kinders tussen 3 en 9 jaar. Die boek is apart beskikbaar teen R60, en is in Engels ook beskikbaar. Dit kan ook as deel van die “Bybel Buddies” reeks aangekoop word saam met die 6 luister-CDs teen R500.

Wat die Anna Emm se “Bybel Buddies” anders maak as ander Bybelstories in die mark, is dat dit bestaan uit die bekende verhale sowel as die minder bekende verhale, en dat dit verhale uit die Ou én Nuwe Testament bevat.

Die stories is ook oorgeskryf in Anna Emm se kindervriendelike vertelstyl, en die Bybelboodskap word verduidelik aan die hand van praktiese voorbeelde.

Dit is die ideale versameling vir enige ouer wat graag ‘n lewendige verhouding tussen sy kind en Jesus wil aanwakker. “Bybel Buddies” word ook met groot sukses in die klaskamer gebruik.

Stories: Adam en Eva, Kain en Abel, Noag se ark, Abraham se seun, ‘n Vrou vir Isak, Jakob en Esau, Josef en sy broers, Moses in die mandjie, Die tien plae, Die Israeliete in die woestyn, Die Israeliete in die woestyn2, Jericho se mure, Simson, Rut, Samuel die profeet, Dawid en Goliat, Dawid word Koning, Koning Salomo, Job, Jona, Daniël in die leeukuil, Daniël se vriende, Johannes die doper, Jesus se geboorte, Jesus se kinderjare, Jesus in die woestyn, Water word wyn, Wonderwerke van Jesus, Wonderwerke van Jesus2, Gelykenisse van Jesus, Lasarus, Saggeus, Jesus se dood, Jesus se opstanding, Die Heilige Gees, Paulus

Bestel by
www.AnnaEmm.co.za
of kontak die kantoor by 021 911 5618 weeksdae tussen 08h00 en 16h30.



Die Bybel Buddies
Aktiwiteitsboek
nou R60
by
021 911 5618

© Anna Emm Productions 2012

Opgetof in die grootmense se klere!

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

LUDWIG WEYER



WIAN NAGEL

SCHALK VD MERWE



KERRI ANN DOOLEY

Gaan soek gerus hierdie oulike webwerwe op!

Oulike klassies vir kinders:

Pretoria North Computers 4 Kids
Geakkrediteerde rekenaar opleiding vir kinders vanaf 4 jarige ouderdom tot 104 !
Kontak: Rudi Martin
0861 444 272 of 0847772360
rudi@computers4kids.co.za
www.computers4kids.co.za

Experi-Maatjies
'n Opvoedkundige, buitemuurse wetenskapprogram vir kinders vanaf 4 tot 9 jaar.
Kontak: Lindi of Madrie
082 859 0865 of 021 873 5673
lindi@experi.co.za of madrie@experi.co.za
www.experi.co.za

Libri Lees- en Wiskunde Akademie
Ekstra lees en wiskunde klasse.
Kontak: Johanné Brand
082 855 9843
librilees@gmail.com
www.libriakademie.co.za

Soetlief
'n Program wat kinders leer om hul emosies te identifiseer, beheer en gepas daaraan uiting te gee.
Kontak: Cynthia
082 874 4885
Cynthia@soetlief.co.za
www.soetlief.co.za

Opvoedkundige produkte:

Nicki Toys and Education
Ons fokus op opvoedkundige produkte en terapeutiese hulpmiddels.
Kontakpersoon: Selma Pansegrouw
083 2867261
Nickitoys@yahoo.com
www.nickitoys.co.za
(tans onder rekonstruksie)

Produkte/Speelgoed:

Dinah's paper
Ongedrukte Koerantpapier rolle (820mm X ongeveer 50m) @ slegs R49!
Kontak: Chrizanda du Preez
082 562 1598
chrizanda@immergroenouerskap.co.za
www.dinahspaper.co.za

Rouge Gifting
Aanlyn-geskenkwinkel wat juwele, handsakke, skoene, dekor items en vele meer te koop aanbied.
Kontak: Liesl
sales@rougegifting.co.za
www.rougegifting.co.za

Mooi Goete
Alles wat mooi is
Kontak: Marli
mooigoete@gmail.com
https://www.facebookcom/pages/MooiGoete/258015277650584?ref=hl

Talent:

S&L Scouts
Agency specializing in booking kids, characters, performing artists and models on local & international TV commercials, stills productions, TV Series and film.
Kontak: Lizelle of Steph
021 982 2679, 082 932 2765
lizelle@slscouts.co.za
steph@slscouts.co.za
www.slscouts.co.za

Kinderfli
Kinderfli is 'n netwerk propvol kompetities, kindermodes en talentgeleenthede, waar ouers van 0 – 7 jarige kinders en bekende handelsname ontmoet.
Kontak: Alda Smith
083 461 9507
alda@kinderfli.com
www.kinderfli.com

Afrikaanse Boeke:

Bazoo Kleutertydskrif
'n Twee-maandelikse kleutertydskrif propvol stories en aktiwiteite vir 4 tot 7 jariges.
Kontak: Renie Nel
074 193 0979
admin@bazoo.co.za
www.bazoo.co.za

Red Hatter Store
Groot verskeidenheid Afrikaanse kinderstories in mp3 formaat om af te laai vanaf enige plek in die wêreld!
Kontak: Anna Emm Productions
021 9115618
mail@annaemm.co.za
www.redhatter.co.za

Babakos:

Babybellies Frozen Baby Food
Nutritious, homemade frozen baby food. We deliver to most Cape Town regions.
Kontak: Helene Swanepoel
082 924 9169
info@babybellies.co.za
www.babybellies.co.za

Vermaak:

Ou Meulteater
Intieme teater met 'n groot hart, groot name en goeie koffie. Kinderteaterprogram in die vakansie!
Kontak: Vicky Stemmet
083 564 0056
vicky@oumeulteater.co.za
www.oumeulteater.co.za

Om jou besigheid of produkte hier te lys, kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Verbind die kolle!

Tel van nommer een af,
verbind die kolle,
en maak die prentjie klaar!





Kompetisie

Ons gee hierdie maand een kopie van "A Village of Hope" deur Esmé Brink weg aan 'n gelukkige Lekkerbekkie leser.

Vraag: Waarvoor staan **SNAP?**

Hoe om in te skryf:
Stuur 'n epos met jou naam, kontaknommer, posadres en die antwoord op die vraag na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Slegs een inskrywing per persoon!

Sluitingsdatum:
25 Oktober 2012.
Die wenner sal in die volgende uitgawe van **Lekkerbekkie** bekend gemaak word.

Pinocchio en die Towerstaf

Die stuitige kinderkarakter **Pinocchio** is terug met 'n nuwe lus om die wêreld te verken. Die geliefde Geppetto is altyd teenwoordig en in hierdie avontuur kruis **Pinocchio** se pad met dié van André Langvingers, eiendomsverplaser van formaat! Dié avontuur kry lewe deur die talentvolle Nelmari Kemp en Deon van Zyl.

Bespreek: **Saterdag, 6 Oktober, 13:30**
R50
Die Boer Restaurant Teater
021 979 1911

Kliek op die "fields" om jou inligting in te vul. Kliek dan "stuur" om die vorm aan ons te stuur.

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir 'n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
☐ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
☐ **STORIEKLUB BASIES** *met "tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
☐ **STORIEKLUB BASIES -100**	**R119 per maand** Namibië = R125	**1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R100
☐ **STORIEKLUB DUBBEL-80**	**R159 per maand** Namibië = R179	**2 x CDs (4 stories elk) per maand** - waarde R160
☐ **STORIEKLUB DUBBEL-100**	**R179 per maand** Namibië = R199	**1 x CD (4 stories) per maand** **1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R180
☐ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) - waarde R120
☐ **STORIEKLUB BOEK&CD DUBBEL**	**R250 per maand** Namibië = R280	**2 x Afrikaanse Kinderstories boeke + CDs** (4 stories elk) waarde R240

NB: Indien jy graag spesifieke CDs wil ontvang, noem hulle titels hier. Ander stuur ons vir jou ons eie seleksie uit ons katalogus. Produkte mag ongelukkig nie na ontvangs omgeruil word vir ander produkte nie. (Vir meer besonderhede oor ons produkte besoek www.AnnaEmm.co.za):

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor 'n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening

stuur

Datum